# ARCHER/PINEHURST

*Jou tuiste weg van die huis… / Your home away from home…*

**NUUSBRIEF/NEWSLETTER**

**22/06/2012**

## ANICA POTGIETER VERKEN SPANJE



Anica Potgieter is aan die begin van 2012 tot die Junior Advisory Board (JAB) van die IE Universiteit van Madrid verkies. Slegs 12 leerders van regoor die wêreld (enigste een van Suid-Afrika en een van twee van die Afrika-kontinent) dien op hierdie raad. Die doel is om 'n jeugdige invloed en perspektief tot die universiteit by te dra deur soveel moontlik verskillende menings van die leerders te kry. Anica dien vir 'n periode van twee jaar op die raad en sy het die vergadering vanaf 27-30 Maart 2012 in Madrid, Spanje bygewoon. Op die laaste dag het sy terugvoering gegee aan die rektor van die universiteit en aan verskeie lede van die senior adviserende raad. ***Pinehurst is baie trots op Anica!***

## LOSIESGELD VIR 2012:

Ouers word weer net daaraan herinner dat losiesgeld betaalbaar is ***voordat*** 'n leerder tot die koshuise toegelaat mag word. Die superintendente ondervind al hoe meer probleme hiermee en moet dan briewe rig, wat nie altyd so goed ontvang word nie.

Die koshuise word soos 'n privaat huishouding bedryf en as die geld nie inkom nie, kan die rekenings nie betaal word nie.



Baie dankie vir u samewerking.

## JUFFROU BLOU GAAN TROU!

Me. Marianne Niehaus [of Juffrou Blou] het ook besluit om die stoute skoentjies aan te trek en verloof te raak. Sy gaan in Wellington huis-huis speel. Die gelukkige kêrel is Arnold Louw van Wellington

Sy verlaat Pinehurst aan die einde van hierdie kwartaal en alle koshuisgangers en personeel wens haar 'n mooi toekoms toe.

## *ARCHER en PINEHURST SPOG MET NUWE BAADJIES*

Die koshuisleerders hang vanjaar uit met hul mooi tops. Dit gee die seuns en die dogters net daardie ekstra sigbaarheid en hulle is werklik goeie bemarkers van Huis Archer en Pinehurst.

Huis Archer se baadjies is net beskore vir die matrieks en die res van die seuns kry eersdaags mooi, swart gholfhempies



## KONTAKBESONDERHEDE

| | | |
|---|---|---|
| **SKOOLHOOF**: Mnr. Johan Claassen | 044-2791623 | johan@oudhs.wcape.school.za |
| **PINEHURST**: | | |
| Superintendent: Mnr. Gerrit Rudolph | 044-2791755 | gerritrudolph@yahoo.com |
| Huismoeder: Mev. Ida Schmitt | 044-2726155 | jsch@telkomsa.net |
| **Diensdoende Personeel**: | | |
| Me Yvonne Robinson | 044-2794061 | |
| **HUIS ARCHER**: | | |
| Superintendent: Mnr. Dave van der Walt davesus@mweb.co.za | 044-2722580 | |
| Huismoeder: Mev. Susan van der Walt | 044-2722580 | |
| **Diensdoende Personeel**: | | |
| Mnr. Peet Kruger | 083-3806502 | |
| Mnr. Christo Serfontein | 044-2792753 | |

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

## ARCHER & PINEHURST MEET KRAGTE OP "NETBALBAAN"



Met groot opgewondenheid is die dae afgetel vir hierdie "groot" gebeurtenis - die Archer Boyz gaan die Pinehurst Liefies op **hulle** terrein aanpak. En die hoop het nie beskaam nie!

In 'n goeie gees is hierdie netbalstryd afgehandel met 'n skeidsregter wat ook nog "leer" wat die reëls is!

Die telling is irrelevant - wat egter van belang is, is dat Giel en Mila as die Spelers van die Dag aangewys is! Baie geluk.

## *KALAHARI 101-STAPTOG NIE ELKEEN SE MAAT NIE!*

Twee van die koshuispersoneellede, Tannie Susan van der Walt en Juffrou Marianne Niehaus, het die veelgeroemde ***KALAHARI 101*** aangedurf in die week tussen 3 en 8 Junie 2012. Dit is 'n staptog oor 101 km in die Kalahari. Dit strek oor sandduine, soutpanne, 4x4-roetes, langs die Oranjerivier tot by plekkies soos Damara waar die mense nog in groot eenvoud leef. Volgens hulle is dit 'n ervaring wat 'n mens ten minste een maal in jou lewe moet aanpak. Gelukkig het albei dit gemaak en is hulle veilig tuis.

